DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK

VAN BELLVILLE SE REIS OOR 70 JAAR EN VERDER

Koersaanpassing/herorganisasie vir die volgende reis

1. Agtergrond

Die Feeskomitee het besluit dat ‘n Feesbundel saamgestel moet word as deel van die gemeente se 70-jarige bestaansherdenking en feesvieringe. Die volgende persone is versoek om die Feesbundel saam te stel: Frans Kotze, Harold Wesso en Basil May. Ds. Michelle Jacobs-Smith het die eerste vergadering belê wat ook deur Joan Stroebel bygewoon is en waar daar oor die idee van die Feesbundel besin is. Hierdie was hoofsaaklik ‘n “brainstorming”-sessie waartydens br. Kotze versoek is om die proses te fasiliteer en om ’n raamwerk vir sodanige bundel op stel. Verder is besluit dat die komitee uitgebrei moet word en dat susters Beaty Thuynsma, Rochelle Strauss-Layman en Carol Whiting genader moet word om hulle beskikbaar te stel. Die volle komitee het op 5 Februarie vergader waar daar oor die raamwerk besin was en br. Kotze versoek is om na aanleiding van die bespreking ‘n raamwerk op te stel vir voorlegging en besinning op 12 Februarie. Die bespreking op 12 Februarie het veral gefokus op: die termyn wat die bundel sal dek, die doel met die bundel – wat wil ons bereik hoe die werk gedoen gaan word en wie bydraes gaan lewer en skryf, of daar navorsing gedoen gaan word, en die haalbaarheid van die projek gegewe die tyd tot ons beskikking.

In die lig van die idee dat die bundel op die toekoms gemik moet wees en waarin die leraar ‘n sleutelrol sal moet speel, word ds Michelle Jacobs-Smith en br. Frans Kotze versoek om die doel en fokus van die bundel duideliker uit te spel vir voorlegging en bespreking deur die volle komitee. Die Feesbundel-komitee het weer op Dinsdag 24 Februarie vergader waar die gewysigde raamwerk bespreek en aanvaar is. By hierdie vergadering besluit die komitee dat nie met die werk voortgegaan kan word nie alvorens: die Kerkraad ‘n duidelike besluit hieroor geneem het, ‘n mandaat aan die komitee gegee word om voort te gaan, en die finansiële implikasies hiervan verreken is daarvoor begroot is.

2. Doel met Feesbundel

Die doel met hierdie 70ste bestaansjaar-feesbundel is:

Om ‘n beknopte oorsig van die 70 jaar van die gemeente se reis te gee, maar veral met die oog op die toekoms en gebaseer op bestaande inligting’

Om ‘n blik te kry op issues waaroor mense praat en besorg is,

Om gemeentelede aan die woord te stel, om hulle stem te laat hoor oor sake waaroor hulle bekommerd is; issues en dit wat mense exited maak en wat hulle frustreer.

Om ’n krities/evaluatiewe blik op die verenigings en bedieninge in die gemeente te kry met die oog op koersaanpassing en vernuwing.

Om bestekopname te maak van waar die gemeente nou staan en waarheen ons op pad is.

Om ‘n nuwe gees van entoesiasme, kreatiwiteit en innovering in die kerk en die gemeente aan te wakker.

Om gemeentelede *exited*/opgewonde te maak oor die kerk.

Om ‘n spesiale afdeling met foto’s van die jaar se feesvieringe in te sluit wat kan dien as inspirasie vir die toekoms.

Om te dien as kompas vir koersaanpassing en vernuwing in die kerk en gemeente.

3. Metodologie of werkswyse

Die werkswyse om die Feesbundel saam te stel, gaan interaktief/kommunikatief wees en gemeentelede kan daaraan deelneem d.m.v.: geskrewe bydraes in die vorm van artikels, gedigte, ens.; gemeentelike konsultasies d.m.v. fokusbesprekings/werkswinkels met gemeente en kerkraad; en kort konferensies/werkswinkels, gespreksforums, visie-werkswinkel met die nodige kundigheid, strategiese beplanning en scenario-ontwikkeling.

Beoogde benadering: Die Feesbundel is toekomsgerig. Dit belig die status quo, maar met ‘n sterk fokus op die toekoms. Waarheen met die kerk in die digitale era in die 21ste eeu? Foto’s gaan tot ‘n minimum beperk word en sal slegs aanvullend tot geskrewe artikels wees.

Wie gaan hieraan meewerk en bydraes lewer: Hoofsaaklik gemeentelede, die kerkraad, die leraar as lerende ouderling, jongmense en die kinders. In enkele gevalle, waar relevant, kan deskundiges op teologiese gebied versoek word om rigtinggewende insette te maak.

Hoe gaan die werk gedoen word: Wie gaan dit doen? Iemand sal op ‘n voltydse basis hieraan moet werk en dit mag finansiële implikasies hê.

Daarbenewens sal ook begroot moet word vir die druk van die Feesbundel.

VOORGESTELDE RAAMWERK VIR DIE FEESBUNDEL:

Voorwoord: (Verduidelik benadering en doel van die Feesbundel. Hoe verskil hierdie

publikasie van vorige uitgawes? Waar vorige publikasies ‘n sterk historiese inslag gehad het, beoog hierdie Feesbundel om ’n meer kommunikatiewe gesprekstoon te hê met die fokus op die toekoms).

Seksie A: Ons pad tot hier/Ons komvandaan: ‘n beknopte historiese oorsig

(Kort en keurig)

Aanvoorwerk vir gemeentestigting (3 Oktober :1902)

Gemeentestigting en rolspelers

Gemeentelike reis oor 70 jaar:

hoogtepunte en laagtepunte

Die stryd om bevryding, onafhanklikheid en identiteit

Die Belhar Belydenis

Van NG Sendingkerk tot Verenigende Gereformeerde Kerk

Van Sustersbond tot Vrouediens

Van Christelike Jeugvereniging tot Christian Youth Movement

Ons beweeg van vier leraars tot een

Seksie B: Waar ons nou staan/Waar is ons nou teenoor waar ons kan wees, en wat ons kan wees: Situasie-analise en die konteks.

Profiel van die gemeente

Die Verenigings:

Ons kinders: Sondagskool/Kinderbond

Die Jeug

Vrouebediening

Gemeentelike bedienings:

Woordverkondiging

Gemeentelike bidure en toewyding

Sang en musiek

Die kerkkoor

Praise and worship

Die rol van die orrelis en sang

Katkisasie

Ons seniors

Huisbesoek en sielesorg

Kerkbywoning

Die Kerkraad

Traumaberading en ondersteuning

Situasie in die Ring en die implikasies daarvan op gemeentes

Gemeentelike reformasie en vernuwing

Hoe lyk die scenarios in die kerk

Waarheen neem die huidige pad ons

Is daar krisisse/wat is die krisisse in die kerk/wat is die uitdagings.

Seksie C: Foto's wat die 70ste bestaansjaar-feesvieringe belig

Hiervoor sal 'n fotograaf aangestel moet word om alle belangrike geleenthede te fotografeer vir opname in hierdie seksie van die bundel.

Seksie D: Op soek na 'n nuwe pad/op soek na die reguit pad

(Op die lewensreis raak mense, organisasies, en ook die kerk soms die reguit pad byster. In dié verband werk Gordon McDonald met die metafoor van die donker woud waarin mens soms beland. Faktore wat hiertoe bydra, sê hy is sosiale disintegrasie en teleurstelling, maar positiewe ontevredenheid is 'n manier om daaruit te kom. Dit is wanneer dit tot ons deurdring: dat ons in werklikheid beter kan vaar/doen; dat ons dieper mense kan wees; dat ons gedagtes meer gedissiplineerd kan wees; dat ons omgang met mense meer betekenisvol kan wees; dat ons verhouding met God meer omvattend kan wees. Dis 'n stille wete dat daar ruimte is vir meer diepte, wydte of inspanning. Hierdie is almal koersaanpassings van die een of ander aard wat voortvloei uit positiewe ontevredenheid wat jou laat sê: Ek kan beter doen. Hierdie ingesteldheid sê jy is ontevrede met die toestand/toedrag van sake en wil groei; koersaanpassing moet plaasvind.

Wat is die eise wat die toekoms aan die kerk/gemeente stel -

Op soek na 'n hergeboorte/Renaissance van die kerk/gemeente

Herlewing in die kerk.

Ons gaan krone dra: Die pad na die Koninkryk van God

Padkaart vir die toekoms om deur grense te breek en wat kan dien as katalisator vir geestelike herlewing (spiritual awakening) en vernuwing in die kerk. Hierdie padkaart/kompas behoort te dien as fondasie vir 'n voortgesette bedieningspatroon vir die gemeente in 'n digitale era in die 21ste eeu.